basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Vir jou beplanning gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen beplanning elke keer VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 of 1.8) skryf.

10. Moenie die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8 moet jy jou eie TITEL gee.

Jou opstel moet met die prent verband hou.

## VRAAG 1

### 1.1 DIT WAS 'N WONDERLIKE JAAR

In 2022 het daar baie goeie dinge met jou gebeur.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die goeie dinge wat in 2022 met jou gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Watter goeie dinge het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoe het dit gebeur?
- Hoekom was dit goed vir jou? **[40]**

### 1.2 MY OUERS IS DIE BESTE

Dit is 'n voorreg *(privilege)* om goeie ouers te hê.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou ouers.

Dink aan die volgende:

- Wie is jou ouers en wat doen hulle?
- Watter tipe mense is jou ouers?
- Waarom dink jy jou ouers is die beste?
- Watter rol speel jou ouers in jou lewe? **[40]**

### 1.3 MY OUMA SE STORIE

Jou ouma vertel graag stories.

Skryf 'n **opstel** oor die storie waarvan jy die meeste hou.

Dink aan die volgende:

- Van watter storie hou jy die meeste?
- Waaroor gaan hierdie storie?
- Wanneer vertel jou ouma hierdie storie?
- Hoekom hou jy die meeste van hierdie storie? **[40]**

1.4 **KEUSES**

Jy het 'n paar keuses *(choices)* gemaak wat jou lewe verander het.

Skryf 'n **opstel** en vertel van daardie keuses.

Dink aan die volgende:

- Watter keuses het jy gemaak?
- Hoekom het jy hierdie keuses gemaak?
- Hoe het hierdie keuses jou lewe verander?
- Wat sal jy anders doen as jy weer kan kies? **[40]**

1.5




[Uit: gettyimages.com] **[40]**

1.6



[Uit: google images.com] **[40]**

1.7



[Uit: google images.com] **[40]**

1.8




[Uit: wikihow.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou maat se huis het afgebrand en hulle het alles verloor.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou maat waarin jy vir hom/haar sê hoe jammer jy is. Praat hom/haar ook moed in *(encourage)* en sê wat jy gaan doen om te help.

Dink aan die volgende:

- Hoe voel jy oor jou maat se situasie?
- Wat kan jy sê om jou maat beter te laat voel?
- Wat gaan jy doen om jou maat te help? **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Daar is baie leerders in julle skool wat geboelie word.

Skryf 'n **formele brief** aan die skoolhoof waarin jy kla oor die boelies in julle skool en hom/haar vra om te help.

Gebruik die volgende adres:

Die Skoolhoof
Hoërskool Wenspan
Posbus 188
Witrivier
1240

Dink aan die volgende:

- Wat is die doel van die brief?
- Hoe en deur wie word die leerders geboelie?
- Hoe kan die skoolhoof help? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jy het kaartjies vir 'n musiekkonsert gekry en nooi *(invite)* jou maat om saam met jou te gaan.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou maat neer.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer is die musiekkonsert?
- Wie sing by die musiekkonsert?
- Hoe gaan julle by die musiekkonsert kom?

Begin die gesprek só:

Ek: Ek het kaartjies vir 'n musiekkonsert gekry en wil jou nooi om saam met my te gaan.

Maat: Wat! Is jy ernstig?

Ek: …

Maat: …

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **VERSLAG**

Een van die leerders in jou klas het notas in die eksamenlokaal ingebring en gebruik. Jy het gesien wat gebeur het.

Die skoolhoof het jou gevra om 'n kort **verslag** te skryf oor wat jy gesien het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat het jy na die insident gedoen? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE EN ANTWOORD**

**LET WEL:** As jy hierdie vraag doen, moet jy die uitnodigingskaartjie (3.1.1) **EN** die antwoord op die uitnodiging (3.1.2) doen.

Jy is deel van die groep wat die skool se matriekdans reël.

3.1.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE** *(Ongeveer 60 woorde)*

Skryf 'n UITNODIGING aan die graad 12-leerders om hulle na die matriekdans te nooi.

Dink aan die volgende:

- Wat is die geleentheid en wie word genooi?
- Waar, wanneer en hoe laat vind die matriekdans plaas?
- Watter klere moet die graad 12-leerders aantrek?
- Wie is die kontakpersoon en hoe kan 'n mens met hierdie persoon kontak maak?

3.1.2 **ANTWOORD OP DIE UITNODIGING** *(Ongeveer 20 woorde)*

Skryf EEN van die graad 12-leerders se ANTWOORD in 'n kort nota. Die graad 12-leerder moet:

- Sê of hy/sy die matriekdans gaan bywoon
- Die rede gee indien hy/sy nié die matriekdans kan bywoon nie **OF**
- Sê wie hy/sy gaan saambring indien die uitnodiging aanvaar word

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het begin om naweke deeltyds *(part time)* te werk.

Skryf hieroor in jou **dagboek**. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die aand vóórdat jy vir die eerste keer gaan werk het
- Die aand nádat jy vir die eerste keer gewerk het

Dink aan die volgende:

- Hoe jy die aand gevoel het vóór jy die eerste keer gaan werk het
- Hoe jy gevoel het ná jou eerste dag by die werk **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jy en jou maat moet die naweek aan 'n skoolprojek werk. Verduidelik aan jou maat hoe om van sy huis af tot by jou huis te stap.


Volg die pyltjies op die roetekaart hieronder.

Gebruik straatname, bakens en woorde wat rigting aandui.

Skryf die **rigtingaanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Stap in Noordstraat af tot by …
2. …
3. …




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou